**VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Appèlnommer: A338/2010

In die appèl tussen:-

| | |
|---|---|
| **PAPI DESMOND MATALI** | Eerste Appellant |
| **MOHAU ISHMAEL MOKOENA** | Tweede Appellant |
| **PULE SIMON KHOELE** | Derde Appellant |

en

| | |
|---|---|
| **DIE STAAT** | Respondent |

---

| | |
|---|---|
| **CORAM:** | VAN DER MERWE, R *et* JORDAAN, R *et* MOLEFE, WND R |
| **UITSPRAAK DEUR:** | VAN DER MERWE, R |
| **AANGEHOOR OP:** | 20 AUGUSTUS 2012 |
| **GELEWER OP:** | 30 AUGUSTUS 2012 |

---

[1] Die drie appellante is in die Rondgaande Hof te Sasolburg elk skuldig bevind aan huisbraak met die opset om te roof en roof (aanklag 1) en moord (aanklag 2). Elke appellant is op aanklag 1 gevonnis tot 5 jaar gevangenisstraf en op aanklag 2 tot 20 jaar gevangenisstraf, maar is gelas dat die vonnisse samelopend uitgedien moet word. Die appellante se appèlle teen skuldigbevindings en vonnisse is voor ons met die

verlof van die verhoorhof.

[2] Die agtergrond van die aangeleentheid is dat ‘n huisbraak gepleeg is te ‘n drankwinkel. Die oorledene, wie te die drankwinkel gewerk het, het gewoon in ‘n kamer in die kompleks waarin die drankwinkel gehuisves is. Twee-en-twintig kaste bier sowel as persoonlike besittings van die oorledene is geroof. Na die roof is die oorledene dood aangetref in sy kamer.

[3] Die eerste appellant en die derde appellant het in hul getuienis erken dat hulle die huisbraak beplan en uitgevoer het. Hul voer op appèl slegs aan dat hul op aanklag 2 nie aan moord skuldig bevind moes gewees het nie maar wel aan strafbare manslag. Die tweede appellant voer aan dat hy op geeneen van die aanklagte skuldig bevind behoort te gewees het nie.

[4] Die tweede appellant het getuig dat hy slegs na die inbraak by die aangeleentheid betrokke geraak het, toe hy deur die eerste en die derde appellante versoek is om te help om die kaste drank te dra. Beide die eerste en die derde appellant

het egter in getuienis bevestig dat die tweede appellant ten volle deelgeneem het aan die beplanning en uitvoering van die inbraak. Die verhoorhof het hierdie getuienis oorweeg met die versigtigheid wat geverg word by die beoordeling van die getuienis van mede-daders, maar dit aanvaar. Ek is geensins oortuig dat die verhoorhof in hierdie verband fouteer het nie. Die tweede appellant se getuienis was duidelik leuenagtig. Behalwe dat die eerste en derde appellante mekaar gestaaf het, word hul getuienis wat die tweede appellant betrek wesenlik gestaaf deur die onbetwiste getuienis dat die tweede appellant 'n leidende en aktiewe rol gespeel het daarin om die buit te verkoop.

[5] Slegs die derde appellant het getuienis aangebied aangaande hoe die oorledene se dood veroorsaak sou gewees het. Hy het getuig dat terwyl die drie appellante in die kamer van die oorledene was, die eerste en tweede appellante vir die oorledene in sy komberse toegewikkel het en die bed waarop die oorledene gelê het op die oorledene omgekeer het. Hierdie getuienis kan nie redelik moontlik waar wees nie. Dit blyk uit die mediese getuienis dat die oorledene gesterf het as gevolg van 'n fraktuur van sy nek en

subaragnoidale bloeding aan weerskante van die skedel. Die oorledene kon nie hierdie beserings opgedoen het deur bloot te val van ‘n bed van ‘n normale hoogte nie. Die derde appellant se getuienis bied ook geen verduideliking vir die teenwoordigheid van bloed van die oorledene op sy skoen nie.

[6] Soos gemeld, het die drie appellante saamgesweer om die onderhawige huisbraak te pleeg. Ek is bereid om te aanvaar dat daar ‘n redelike moontlikheid bestaan dat hul nie aanvanklik voorsien het dat hul teenstand gedurende die uitvoering van die huisbraak sou teëkom nie. Dit is egter duidelik dat die drie appellante saam te werk sou gaan in die uitvoering van hul plan en dus tesame na die oorledene se kamer sou gaan. Dit is inderdaad die getuienis van die derde appellant. Die aard en erns van die oorledene se beserings is aanduidend daarvan dat hy deur meer as een van die appellante aangerand is. Ten minste toe die aanranding op die oorledene ‘n aanvang geneem het, het sodanige van die appellante wat nie fisies daaraan deelgeneem het nie, die moontlikheid van die dood van die oorledene by afleiding inderdaad voorsien, maar roekeloos

daaromtrent voortgegaan met die uitvoering van hul plan. Op hierdie basis is elk van die appellante skuldig aan die veroorsaking van die dood van die oorledene, ongeag wie presies die aanranding op die oorledene fisies uitgevoer het. Sien **S v MALINGA AND OTHERS** 1963 (1) SA 692 (A) op 695 A – C en **S v MADLALA** 1969 (2) SA 637 (A) OP 640 G – H. Die geweld wat op die oorledene toegepas moes gewees het ten einde die gemelde beserings en sy dood te veroorsaak, is sodanig dat opset om te dood ten minste in die vorm van *dolus eventualis* teenwoordig was. Gevolglik is aldrie appellante na my oordeel tereg aan moord skuldig bevind.

[7] Gevolglik word die appèlle van die hand gewys en die skuldigbevindings en vonnisse bekragtig.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

Ek stem saam.

**A. F. JORDAAN, R**

Ek stem saam.

**D. S. MOLEFE, WND R**

| | |
|---|---|
| Namens die eerste appellant: | Adv. J D Reyneke<br>In opdrag van:<br>Regsentrum<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die tweede appellant: | Adv. L M Tsabalala<br>In opdrag van:<br>Regsentrum<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die derde appellant: | Adv. P W Nel<br>In opdrag van:<br>Regsentrum<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die respondent: | Adv. S Georgi<br>In opdrag van:<br>Die Direkteur:<br>Openbare Vervolgings<br>BLOEMFONTEIN |

/eb